KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASEGAPE AGULHAS

MEDIA RELEASE

EMBARGO: Immediate
DATE: 18 November 2026

IMPOSITION OF WATER RESTRICTIONS AND RESTRICTION TARIFFS FROM 1 DECEMBER 2026

Notice is hereby given in terms of section 46(1) of the Cape Agulhas Water By-law, 2005, read together with Council Resolution 244/2026 of 21 October 2026, that the following water restrictions and restriction tariffs will apply to all areas supplied with water by Cape Agulhas Municipality from 1 December 2026 to 30 April 2027.

WATER CONSUMPTION LIMITS AND RESTRICTION TARIFFS

Residential Consumers

- Water consumption of up to 20 kilolitres (kℓ) per month will be charged at the normal tariffs approved as part of the Municipality's 2026/27 tariff schedule.
- Consumption exceeding 20 kℓ per month will be charged at double the normal tariffs approved as part of the Municipality's 2026/27 tariff schedule.

Other Consumers

- Water consumption of up to 100 kℓ per month will be charged at the normal tariffs approved as part of the Municipality's 2026/27 tariff schedule.
- Consumption exceeding 100 kℓ per month will be charged at double the normal tariffs approved as part of the Municipality's 2026/27 tariff schedule.

Water Erven

- Water consumption within the approved quota will be charged at the normal tariffs approved as part of the Municipality's 2026/27 tariff schedule.
- Consumption exceeding the approved quota will be charged at double the normal tariffs approved as part of the Municipality's 2026/27 tariff schedule

The restrictions will not affect the approved water availability fees, sewerage charges or the provision of free basic water to qualifying households.

ADDITIONAL RESTRICTIONS ON MUNICIPAL WATER SUPPLY

- The sale of bulk municipal water for the filling of private swimming pools is suspended.
- Municipal water tanker sales will be limited to domestic use, livestock, firefighting and approved construction activities.
- Additional reserve measures may be implemented in individual towns should the specified water supply thresholds be reached. Any such measures will be communicated to affected communities through a separate public notice.

APPLICATIONS FOR EXEMPTIONS

In terms of section 46(2) of the Water By-law deviations, exemptions or relaxations of the water restrictions may be permitted on reasonable grounds in respect of specified areas, categories of consumers, premises or activities.

Applications must be submitted to the Municipality at info@capeagulhas.gov.za for consideration. Any exemption or relief granted will be subject to such conditions as the Municipality may determine.

WATER-SAVING MEASURES

All consumers are encouraged to reduce their water consumption. The following practical measures can assist households in keeping consumption below 20 kℓ per month:

- Water gardens sparingly, preferably with a watering can or bucket during the early morning or evening.
- Avoid filling or topping up swimming pools with municipal water and use pool covers to reduce evaporation.
- Wash vehicles and boats using a bucket rather than a running hose and avoid hosing down paving and driveways.
- Repair leaking pipes, taps and toilets promptly, as even small leaks can result in significant water losses.

The Municipality appeals to all consumers to use water responsibly and cooperate in conserving available water resources to ensure a sustainable water supply throughout the municipal area. Owners of holiday homes and rental properties are particularly requested to inform their tenants and guests of the restrictions and applicable tariffs, as the account holder remains responsible for all water consumption charges incurred.

WP RABBETS
MUNICIPAL MANAGER
1 DIRKIE UYS STREET
BREDASDORP 7280
Email: info@capeagulhas.gov.za

INSTELLING VAN WATERBEPERKINGS EN BEPERKINGSTARIEWE VANAF 1 DESEMBER 2026

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 46(1) van die Kaap Agulhas Munisipaliteit se Waterverordening, 2005, saamgelees met Raadsbesluit 244/2026 van 21 Oktober 2026, dat die volgende waterbeperkings en beperkingstariewe vanaf 1 Desember 2026 tot 30 April 2027 van toepassing sal wees op alle gebiede wat deur Kaap Agulhas Munisipaliteit van water voorsien word.

WATERVERBRUIKSLIMIETE EN BEPERKINGSTARIEWE

Residensiële Verbruikers

- Waterverbruik van tot en met 20 kiloliter (kℓ) per maand sal gehef word teen die normale tariewe soos goedgekeur in die Munisipaliteit se 2026/27-tariefskedule.
- Waterverbruik wat 20 kℓ per maand oorskry, sal gehef word teen dubbel die normale tariewe soos goedgekeur in die Munisipaliteit se 2026/27-tariefskedule.

Ander Verbruikers

- Waterverbruik van tot en met 100 kℓ per maand sal gehef word teen die normale tariewe soos goedgekeur in die Munisipaliteit se 2026/27-tariefskedule.
- Waterverbruik wat 100 kℓ per maand oorskry, sal gehef word teen dubbel die normale tariewe soos goedgekeur in die Munisipaliteit se 2026/27-tariefskedule.

Watererwe

- Waterverbruik binne die goedgekeurde kwota sal gehef word teen die normale tariewe soos goedgekeur in die Munisipaliteit se 2026/27-tariefskedule.
- Waterverbruik wat die goedgekeurde kwota oorskry, sal gehef word teen dubbel die normale tariewe soos goedgekeur in die Munisipaliteit se 2026/27-tariefskedule.

Die beperkings sal geen invloed hê op die goedgekeurde waterbeskikbaarheidsfooie, rioolheffings of die voorsiening van gratis basiese water aan kwalifiserende huishoudings nie.

BYKOMENDE BEPERKINGS OP MUNISIPALE WATERVOORSIENING

- Die verkoop van grootmaat munisipale water vir die vul van privaat swembaddens word opgeskort.
- Die verkoop van water deur middel van munisipale watertenkwaens sal beperk word tot huishoudelike gebruik, vee, brandbestryding en goedgekeurde konstruksie-aktiwiteite.
- Bykomende reserwemaatreëls kan in individuele dorpe ingestel word indien die vasgestelde watervoorsieningsperke bereik word. Enige sodanige maatreëls sal deur middel van 'n afsonderlike openbare kennisgewing aan die betrokke gemeenskappe gekommunikeer word.

AANSOEKE OM VRYSTELLING

Ingevolge artikel 46(2) van die Waterverordening kan afwykings, vrystellings of verslapping van die waterbeperkings op redelike gronde ten opsigte van bepaalde gebiede, kategorieë verbruikers, persele of aktiwiteite toegestaan word.

Aansoeke moet by die Munisipaliteit ingedien word by info@capeagulhas.gov.za vir oorweging. Enige vrystelling of verligting wat toegestaan word, sal onderhewig wees aan die voorwaardes wat die Munisipaliteit mag bepaal.

WATERBESPARINGSMAATREËLS

Alle verbruikers word aangemoedig om hul waterverbruik te verminder. Die volgende praktiese maatreëls kan huishoudings help om hul waterverbruik onder 20 kℓ per maand te hou:

- Maak tuine spaarsamig nat, verkieslik met 'n gieter of emmer gedurende die vroeë oggendure of saans.
- Vermy dit om swembaddens met munisipale water vol te maak of aan te vul, en gebruik swembadbedekkings om verdamping te verminder.
- Was voertuie en bote met 'n emmer eerder as 'n lopende tuinslang, en vermy dit om plaveisel en opritte met 'n tuinslang af te spuit.
- Herstel lekkende pype, krane en toilette so gou moontlik, aangesien selfs klein lekkasies tot aansienlike waterverliese kan lei.

Die Munisipaliteit doen 'n beroep op alle verbruikers om water verantwoordelik te gebruik en saam te werk om beskikbare waterbronne te bewaar ten einde 'n volhoubare watervoorsiening regdeur die munisipale gebied te verseker.

Eienaars van vakansiehuise en huurhuise word veral versoek om hul huurders en gaste van die beperkings en toepaslike tariewe in kennis te stel, aangesien die rekeninghouer verantwoordelik bly vir alle waterverbruiksheffings wat aangegaan word.

WP RABBETS
MUNISIPALE BESTUURDER
DIRKIE UYS STRAAT 1
BREDASDORP
7280
E-pos: info@capeagulhas.gov.za